JAGERSFONTEIN SKOLE PROJEK

AGTERGROND:
Priscilla Booysen, Direkteur binne die Rupert Onderwysstigting en die Johann & Gaynor Rupert Stigting is in samewerking met die Jagersfontein Development Trust vanaf 2012/13 besig om na holistiese ontwikkelings prioriteite binne die Jagersfontein gemeenskap te verken.

Die Itumeleng Community Trust, ‘n affiliaal van die Jagersfontein Development Trust verken saam met gemeenskapsrolspelers ontwikkeling itv gesondheid, veiligheid en sekuriteit, ekonomiese vooruitgang, werkskepping ens. Hul fokus op opvoeding is vir eers op beurse ondersteuning aan Jagersfontein matrikulante en post-matrikulante vir tersiere studiegeleenthede. Priscilla Booysen is in samewerking en gelyklopend gefokus op die ontwikkeling van die voorskoolse sentrums, primere en sekondere skole.

FILOSOFIE:
Inisiatiewe deur die Rupert Onderwysstigting en die Johann en Gaynor Rupert Stigting is gebaseer op 'n ontwikkelingsfilosofie en word gemeet aan volhoubaarheid, maatskaplike verandering, gemeenskapsbou, menslike gedragsverandering en kapasiteit ontwikkeling.

Op die vlak van voorskools, primere en sekondere skole opvoeding wens hul 'n bydrae te lewer tot kwaliteit leer en onderrig in skole.

Bydrae tot holistiese ontwikkelingsprogramme in skole word gerig op die volgende fokusareas oor 'n tydperk van 5 jaar binne ‘n kluster van hoerskole en voederprimere skole, wat ook gemeenskaps voorskoolse sentrums met Gr R insluit.
1. Leierskap en Bestuursontwikkeling
2. Opvoedersondersteuning
3. Leerdersondersteuning
4, Ouerbetrokkenheid en Gemeenskapmobilisering
5. IT innovasie en ontwikkeling
6. Opvoeding ondersteuningsmateriaal en toerusting
7. Navorsing

PROSES:
Die Skole projek is gefundeer op ‘n deurlopende konsultatiewe samewerkingsverhouding tussen alle rolspelers betrokke by skole ontwikkeling en opvoeding in daardie omgewing. Die Onderwysdepartement, gemeenskapsorganisasies, bestaande intervensie programme, plaaslike tersiere instellings en alternatiewe/belangstellende donateurs tot die projek word in ‘n netwerk en vennootskapsverhouding gefasiliteer ten die skole gemeenskap optimaal te bedien.

Die skole neem die leiding in hul eie ontwikkeling, en intervensies is behoefte-gebaseerd gegrond op deeglike vooraf verkenning en navorsing oor die omgewing.

Na konsultasie met die belanghebbende rolspelers, word die skole ondersteun om hul eie ontwikkelingsplan in oorleg met hul Skole Ontwikkelingsplan (School Improvement Plans deur die Onderwysdepartement) te ontwerp en te ontwikkel.
Aangesien die filosofie gebou is op menslike kapitaal ontwikkeling en kapasiteitsbou, word die eerste jaar gefokus op die skep van 'n bevorderende skool klimaat om kwaliteit leer en onderrig te bevorder. (Menslike vertrouens verhoudings, organisatoriese kultuur en visie skepping word op gefokus).
Wanneer skole eienaarskap van hul eie ontwikkeling toon (deur inisiatief te neem in geidentifiseerde prioriteite sonder eksterne hulp) word die intervensies uitgerol oor die verdere 4 jaar op:

1. Leierskap en bestuurontwikkeling:
   (Prinsipaal, bestuurspan, skoolbeheerliggaam ontwikkeling)
2. Opvoedersontwikkeling (Gefokus op behoeftes soos deur opvoeders gereflekteer)
3. Leerdersondersteuning (Akademiese sowel as psigo-sosiale ondersteuning, Loopbaanvoorligting en Leierskapontwikkeling)
   IT innovasie en ontwikkelig: Ondersteuning in die opstel van toepaslike IT fasiliteite en programme in lyn met die skool se behoeftes.
4. Ouerbetrokkenheid en gemeenskapsmobilisering: (Die kapasitering van ouers se vaardighede en kennis om toepaslike hulp te verleen aan die skole asook hul kinders vir optimale funksionering; mobilisering van gemeenskapsrolspelers as hulpbronne om die skole te ondersteun)
5. Navorsing:
   Interne navorsing en navorsing in samewerking met tersiere instellings om die genoemde projek data as navorsingsmateriaal aan te wend ten einde weer weer verder projekte praktyk te rig.

Deurlopende monitering en evaluering word gedoen ten einde die vordering van die projek asook ontwikkeling op kwalitatiewe sowel as kwantitatiewe wyses te meet. Publikasie via konferensie en symposium platforms word benut ten einde die projek te bemark maar ook die model se duplisering in ander areas te motiveer.

Die model word tans in die Wes-Kaap, Vrystaat en Oos-Kaap in klusters van skole geimplimenteer deur die Rupert Onderwysstigting en die Johann & Gaynor Rupert Stigting.

PROSESLEIERSKAP:
Enige donateur wat by die Jagersfontein projek betrokke wil raak of wat die model in 'n ander area van hul eie keuse wil befonds en implementeer is welkom om kontak te maak met:
Priscilla Booysen
priscilla@rupertfoundation.com
082 342 0591

Admin: Lielanie Brinkhuis
admin@rupertfoundation.com
021 883 3951